



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 300

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde items strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering toegepas.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Hierdie memo is nie vir publieke verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanses in sekere vroe.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings moet merker die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte toegeken word vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
10. Kodes: f=vreemde items; p=plasing/aanbieding.

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

VRAAG 1**1.1 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is.**

1.1.1	Onwaar	✓✓
1.1.2	Waar	✓✓
1.1.3	Onwaar	✓✓
1.1.4	Onwaar	✓✓
1.1.5	Waar	✓✓

10**1.2.1 Bereken die totale waarde van die beginvoorraad (A).**

$$600 \checkmark \times R85 \checkmark = R51\ 000 \quad \boxed{\checkmark} \text{ bewerking een deel korrek}$$

3**1.2.2 Bereken die waarde van die teëls ontvang op 25 April 2012 (B).**

$$960 \checkmark \times R120 \checkmark + R5\ 760 \checkmark = R120\ 960 \quad \boxed{\checkmark} \text{ bewerking een deel korrek}$$

R115 200 (twee punte)**4****1.2.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die geweegde-gemiddelde-metode te gebruik.**

$$\begin{aligned}
 & \text{sien 1.2.1 indien 1.2.2 + 94\ 500 + 119\ 700 Kontroleer redelik} \\
 & \underline{51\ 000 \quad \checkmark + 335\ 160 \quad \checkmark - 12\ 000 \checkmark} \quad (\text{of } 12\ 600) \times 1\ 150 \checkmark \\
 & \quad \quad \quad 3\ 660 \checkmark \\
 & = \underline{374\ 160 \quad (\text{or } 373\ 560)} \times 1\ 150 \\
 & \quad \quad \quad 3\ 660 \\
 & = R117\ 563,93 \quad \boxed{\checkmark} \text{ bewerking een deel korrek R117\ 563,92 of R117\ 563,94}
 \end{aligned}$$

OF

$$\begin{aligned}
 R102,23 \times 1\ 150 &= R117\ 564,50 \quad R117\ 565 \\
 R102,07 \times 1\ 150 &= R117\ 380,50 \quad R117\ 380 \text{ of R117\ 381} \\
 (4 \text{ punte}) &\quad (1 \text{ punt}) \quad (1 \text{ metode punt})
 \end{aligned}$$

6

1.3.1 Bereken die bedrag verskuldig aan SAID vir BTW.

✓ ✓ ✓✓ ✓ ✓✓ ✓ bewerking een deel korrek

$$70\ 000 - 114\ 800 + 8\ 400 - 5\ 600 - 1\ 750 + 2\ 100 = R41\ 650$$

OF: merk slegs een reël

$$-70\ 000 + 114\ 800 - 8\ 400 + 5\ 600 + 1\ 750 - 2\ 100 = R41\ 650$$

OF: Inset/Uitset berekening

$$\begin{array}{l} \text{BTW-uitset } 114\ 800 - 8\ 400 + 1\ 750 - 2\ 100 = R106\ 050 \\ \text{BTW-inset } 70\ 000 - 5\ 600 = \end{array}$$

$$\begin{array}{r} \underline{R64\ 400} \\ \underline{R41\ 650} \end{array}$$

OF: Inset/Uitset berekening

$$\begin{array}{l} \text{BTW-uitset } 114\ 800 + 1\ 750 + 5\ 600 = R122\ 150 \\ \text{BTW-inset } 70\ 000 + 8\ 400 + 2\ 100 = \end{array}$$

$$\begin{array}{r} \underline{R80\ 500} \\ \underline{R41\ 650} \end{array}$$

OF: BTW-KONTROLE

70 000	114 800
8 400	1 750
2 100	5 600
41 650	

9

1.3.2 Wat behoort John Smith hieromtrent te doen? Verduidelik.

Enige geldige verduideliking ✓✓✓

Uitstekend = 3 punte; Goed = 2 punte; bevredigend = 1 punt; foutief = 0 punte

Antwoord vir drie punte moet die aksie noem (lig Amy in en gee haar 'n opdrag om die inskrywing te kanselleer) en moet die rede verduidelik (belastingontduiking / oneties / onwettig). Gee deelpunte vir onvolledige antwoorde.

Voorbeeld van antwoorde:

- Hy moet Amy inlig dat belastingontduiking onwettig is, sy moet nie hierdie transaksie goedgekeur het nie. Hy moet daarop aandring dat die inskrywing vir R200 000 gekanselleer moet word en die korrekte bedrag wat aan SAID verskuldig is, betaal moet word. (drie punte)
- Hy moet Amy waarsku wat sy goedkeur want dit is oneties / onwettig en die inskrywing moet gekanselleer word. (drie punte)
- Hy moet Amy of die boekhouer inlig dat die BTW vorm korrek ingevul moet word en hierdie onwettige inskrywing nie getoon moet word nie. (drie punte)
- Hy moet daarop aandring dat die inskrywing gekanselleer moet word aangesien belastingontduiking onwettig is. (drie punte)
- Hy moet daarop aandring dat dit reggestel word omdat hy 'n GR kwalifikasie het en by die gedragskode moet hou. (twee punte)
- Hy moet daarop aandring dat dit reggestel word. (een punt)
- Dit is bedrog want die bedrag aan SAID betaal is foutief/te min. (een punt)
- Die interne beheer in die besigheid word deur iemand wat in die besigheid werk of die eienaar ondermyn. (een punt)
- Belastingontduiking is onwettig/ Manipulering van inset belasting (een punt)
- Interne beheer is defektief (een punt)
- Dit is oneties (een punt)

3

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2**2.1****Voltooi die volgende sinne in jou eie woorde:**

Enige geldige verduideliking in elke geval ✓✓ ✓✓

Een punt vir die noem van interne beheer sonder enige verdere verduideliking.

Twee punte vir die verduideliking van interne beheermaatreëls (hoef nie die woorde 'interne beheer' te noem nie).

Dit is belangrik om elke maand 'n Bankversoeningstaat op te stel omdat dit 'n belangrike deel van interne beheer is, wat 'n besigheid in staat stel om hulle banksaldo te kontroleer teen 'n dokument (die bankstaat) van die bank ontvang / om foute en weglatings reg te stel / om uitstaande tjeeks en deposito's te identifiseer / om bedrog op te spoor)

Dit is belangrik om elke maand 'n Debiteure-ouderdomsontleding op te stel omdat dit 'n belangrike deel van interne beheer is, wat 'n besigheid in staat stel om debiteure wat nie aan die kredietterme voldoen nie, te identifiseer / om te verseker dat kredietbeleide nagekom word / om te besluit watter stappe teen debiteure geneem moet word)

4

2.2.1**Watter AARP-beginsel sal die boekhouer deur die afskryf van die bedrag van R40 000 toepas? Verduidelik hierdie beginsel kortliks.**

Omsigtigheidsbeginsel ✓

deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

Verduideliking (moet 'n begrip van omsigtigheid toon): ✓✓

3

Moontlike antwoorde vir 2 punte

- Om transaksies konserwatief te hanteer
- Daar is geen waarborg dat die geld opgespoor gaan word nie en dus word dit hanteer asof dit nie opgespoor gaan word nie
- Om voorsiening te maak vir moontlike toekomstige verliese.

Die boekhouer wil 'n soortgelyke probleem in die toekoms vermy. Gee TWEE oplossings om interne beheer in hierdie opsig te verbeter.

Twee afsonderlike punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

Moontlike antwoorde vir 2 punte:

- Verdeling van pligte
- Rotering van pligte / werkers moet verlof neem
- Verdeling van pligte onder die werknemers sodat die een die ander een kan kontroleer
- Verantwoordelike werkers om te kontroleer / geld te deponeer
- Die persoon wat die kwitansies uitreik moet nie dieselfde persoon wees wat die deposito's hanteer nie
- Gereelde en betyds kontroleering / monitor alle groot transaksies
- Uitstaande deposito's moet betyds opgevolg word
- Moedig elektroniese betalings deur klante / debiteure aan
- Vra bank om bevestiging van deposito's te stuur (bv. Sms)
- Alle gelde ontvang moet daagliks gedeponeer word (depositostrokie moet met ontvangste ooreenstem).
- Neem streng dissiplineêre aksies teenoor oortreders (bv. Afdanking)

Moenie die opstel van 'n bankversoeningstaat as 'n oplossing in hierdie geval aanvaar nie.
Moenie sekuriteitskameras aanvaar nie

4

2.2.2

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 MEI 2012

Indien 2-kolom metode gebruik word, pas gepaste opskrifte toe om te help met nasien.

	Debit	Krediet
✓ Saldo volgens <u>Bankstaat</u>	✓ 19 310	
✓ Uitstaande tjeks:		
▪ 967	✓ 4 790	
▪ 1122	✓ 4 650	
▪ 1129	✓ 8 540	
✓ Uitstaande deposito		✓ 11 550
✓ Regstelling van fout / foutief ingeskryf		✓✓ 960
✓ Saldo volgens <u>bankrekening</u>	bewerking – balanseer syfer; debit of krediet	<input checked="" type="checkbox"/> 24 780
	37 290	37 290

-1 vir vreemde items (maks -2) bv. R40 000, R2 340, R1 850, R920

kontroleer bewerking om punte toe te ken

Saldo volgens Bankstaat	(19 310)
Uitstaande tjeks:	
▪ 967	(4 790)
▪ 1122	(4 650)
▪ 1129	(8 540)
Uitstaande deposito	11 550
Regstelling van fout	960
Saldo volgens bankrekening	(24 780)

13

2.3

	Identifisering van TWEE verskillende probleme, met bewyse uit die vraag	Interne beheermaatreël om elke probleem reg te stel
Probleem 1	Identifiseer probleem (kredietlimiete) ✓ Noem bewyse ✓ Syfers in hierdie geval nie nodig nie <i>Probleem:</i> Sekere debiteure oorskry hulle kredietlimiete <i>Bewyse:</i> P Fakude (oorskry met R700) of J. Martin (oorskry met R504).	Enige geldige advies ✓ Moenie op krediet aan debiteure verkoop wat hulle kredietlimiet oorskry nie/ maak seker dat hulle vorige maande se skuld betaal voordat hulle weer op krediet koop
Probleem 2	Identifiseer probleem (krediet tydperk) ✓ Noem bewyse ✓ Syfers in hierdie geval nie nodig nie <i>Probleem:</i> Die meerderheid van debiteure betaal oor periodes langer as 30 dae <i>Bewyse:</i> 61% of R6 400 neem langer / slegs 39% betaal binne 30 dae/ Fakude en Howard oorskry 60 dae	Enige geldige advies ✓ Hef rente op agterstallige rekeninge/bied kortings vir vroeg betaling/oorweeg regsstappe teen problematiese debiteure

6

TOTALE PUNTE
30

VRAAG 3

**3.1.1 CAPE SJOKOLADE - NOTA TOT DIE PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR
DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2012
FABRIEKSBOKSTE**

Fabriek indirekte materiaal <small>merk slegs een reël 80% ✓ x (7 200 ✓ + 56 000 ✓ – 7 500 ✓) 80% (1 punt) x 55 700 (3 punte) 5 760 (1 punt) + 44 800 (2 punte) – 6 000 (1 punt)</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 44 560
Fabriekshuur	✓ 68 500
Fabrieksonderhoud <small>(46 700 ✓ + 1 300 ✓) bewerking een deel korrek</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 48 000
Water en elektrisiteit <small>twee punte of nil</small>	✓✓ 56 000
Waardevermindering / fabrieksmasjinerie <small>een punt of nil</small>	✓ 12 800
Diverse uitgawes <small>twee punte of nil</small>	✓✓ 12 000
Lone van skoonmaker <small>een punt of nil</small>	✓ *23 000
7 150 Indirekte salaris <small>(89 050 ✓ – 6 500 ✓ – 650 ✓) bewerking een deel korrek</small>	<input checked="" type="checkbox"/> *81 900
*kan gekombineerd wees as R104 900	
Totale fabrieksbokste <small>bewerking een deel korrek</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 346 760

- 1 vreemde inskrywings tot 'n maksimum van -2 in die geval van addisionele inskrywings in die nota bygevoeg
bv. R23 500, R9 500, R130 000

20

**3.1.2 CAPE SJOKOLADE – PRODUKSIEKOSTESTAAT
VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2012**

Punt vir besonderhede toegepas indien reggeplaas

✓ <u>Direktemateriaal-/Grondstofkoste</u> <small>wees bewus van kombinasies (18 000 ✓ + 650 000 ✓ + 12 300 ✓ - 35 000 ✓ – 20 000 ✓) 635 000 (2 punte) 662 000 (2 punte) 627 300 (3 punte)</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 625 300 <small>Een deel korrek</small>
✓ <u>Direkte-arbeidskoste</u> <small>(192 000 ✓ + 54 000 ✓) (3 x 1 600 x 40) + (900 x 60)</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 246 000 <small>Een deel korrek</small>
Primêre koste <small>bewerking optel</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 871 300
✓ <u>Fabrieksbokste</u> <small>sien 3.1.1</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 346 760
Totale koste van produksie <small>aanvaar R1 212 000 / bewerking</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 1 218 060
Goedere-in-bewerking op 1 Julie 2011	35 000
	1 253 060
Goedere-in-bewerking op 30 Junie 2012 <small>Kontroleer bewerking – werk terug vanaf KVP of VG Hierdie syfer moet afgetrek wees - kontroleer</small>	<input checked="" type="checkbox"/> (41 060)
Koste van produksie op voltooide goedere	1 212 000

- 1 vreemde inskrywings tot 'n maksimum van -2 in die geval van addisionele inskrywings in die PKS bygevoeg

16

3.2.1 Merk afdelings onafhanklik

	Komberse	Handdoeke
Watter produksiekoste het die grootste probleem veroorsaak?	Direkte-arbeidskoste ✓	Direktemateriaalkoste✓
Verduideliking en syfers om jou mening te staaf	Vermeerder met R10 (van R65 tot R75; of 15%) ✓	Vermeerder met R7 (van R20 tot R27; of 35%) ✓
Moontlike oplossing vir Benny	Lei werkers op om meer doeltreffend te werk/werk minder oortyd/ kontroleer werksure /beperk verhogings tot inflasiekoers / verhoog meganisering /betaal werkers volgens produktiwiteit ✓/	Kry 'n goedkoper verskaffer/Verseker dat werkers nie grondstowwe mors nie / verbeter sekuriteit oor grondstowwe ✓

6

3.2.2 Benny weet nie hoe om die gelykbreekpunt te bereken nie. Gee die bewerkings om te bewys dat die 2012-gelykbreekpunt van 12 298 eenhede vir komberse eintlik korrek is.

$$\frac{\text{R3 800 000}}{(\text{R}430 - \text{R}121)} = \frac{\text{R3 800 000}}{\text{R}309} \checkmark \checkmark = 12 298$$

$$\begin{array}{cccc} (\text{een punt}) & (\text{een punt}) & (\text{een punt}) & (\text{een punt}) \\ 5\ 288\ 140 & 1\ 488\ 058 & - 3\ 800\ 000 & = 82/0 \text{ (afrounding)} \\ (12\ 298 \times 430) - (12\ 298 \times 121) - 3\ 800\ 000 & & & = 82/0 \text{ (afrounding)} \end{array}$$

4

3.2.3 Verwys na die aantal komberse in 2012 geproduseer en verkoop, en die gelykbreekpunt vir komberse. Verduidelik waarom hierdie syfers vir Benny kommerwekkend behoort te wees. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Verduideliking oor afname van eenhede geproduseer en verkoop ✓

Aanhaal van syfers ✓

Verduideliking oor toename in GBP ✓

Aanhaal van syfers ✓

Verwagte antwoorde vir 4 punte (Ken deelpunte toe vir ovolledige antwoorde):

- Hulle produseer 3 701 eenhede meer as die GBP. Hy is bekommert omdat dit slegs 30% bo GBP is.
- Die aantal komberse geproduseer en verkoop het met 9 000 eenhede afgeneem (van 25 000 tot 16 000). Die GBP het met 2 579 eenhede vermeerder (van 9 719 tot 12 298).
- In 2011 het 15 281 eenhede tot die wins bygedra (61%) in vergelyking met 2012 waar slegs 3 702 eenhede tot die wins bygedra het.
- Dit is kommerwekkend want hy verdien minder wins op minder eenhede (miskien omdat hy meer as sy mededingers vra). Die GBP is nou 26% hoër as wat dit was; wat beteken dat hy 26% meer eenhede moet produseer voordat hy 'n wins begin maak.

4

3.2.4 Watter produk behoort Benny met R15,00 te verhoog?

Handdoeke ✓

Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Verduideliking ✓

Aanhaal van syfers ✓

Verwagte antwoorde vir 2 punte

- Indien hy die prys van handdoeke tot R125 verhoog is dit steeds laer as die prys van R130 wat sy grootste mededinger vra. (steeds R5 minder as mededinger)
- Hy kan nie die prys van komberse verhoog nie want sy prys van R430 is alreeds hoër as die R410 wat sy grootste mededinger vra. (alreeds R20 meer as mededinger)

In hierdie geval, skat hoeveel ekstra netto wins hy volgende jaar kan verdien as aangeneem word dat sy produksie- en verkoopsvlak onveranderd sal bly. Gee 'n berekening om jou antwoord te staaf.

80 000 x R15 – R1,2 m ✓✓

(1 punt indien geen berekening en antwoord is tussen R1 m en R1,4 m)

Kan fout vanaf bo deurdra (bv. fokus op komberse ongeveer R240 000)

5

TOTALE PUNTE
55

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 4

- 4.1** Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) neer.

4.1.1	C	✓✓
4.1.2	A	✓✓
4.1.3	D	✓✓
4.1.4	B	✓✓

8

4.2 MASTER BEPERK**4.2.1 NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2012**

VASTE/TASBARE BATES	Grond en Geboue	Toerusting	Voertuie
Drawaarde – 1 Julie 2011	930 000	220 000	519 200
Kosprys	930 000	561 000	814 000
Opgehopte waardevermindering	0	(341 000)	(294 800)
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	✓✓ 650 000	✓✓ 55 000	0
Verkope teen drawaarde (165 000 ✓ - 66 000 ✓ - 14 850 ✓) 80 850	0	0	<input checked="" type="checkbox"/> (84 150) bewerking een deel korrek
Waardevermindering (T: 2 750 ✓ + 56 100 ✓)	0	(<input checked="" type="checkbox"/> 58 850) bewerking een deel korrek	(98 890)
		Kontroleer redelikheid	Kontroleer redelikheid
Drawaarde – 30 Junie 2012	1 580 000	216 150	336 160
Kosprys	1 580 000	616 000	✓✓ 649 000
Opgehopte waardevermindering	0	(<input checked="" type="checkbox"/> 399 850) Kontroleer redelikheid	(<input checked="" type="checkbox"/> 312 840) Kontroleer redelikheid

17

- 4.2.2 Bereken die Behoue Inkomste op 30 Junie 2012. (Jy mag 'n Verdelingsrekening opstel indien jy wil.)**

$$\begin{aligned} & 392 000 \text{ (2 punte)} & 345 000 \text{ (3 punte)} \\ & 39 000 \checkmark + 560 000 \text{ (of } 496 640\text{)} \checkmark - 168 000 \checkmark - 126 000 \checkmark\checkmark - 219 000 \checkmark \\ & = R86 000 \text{ of } R22 640 \quad \boxed{\text{bewerking een deel korrek}} \\ & \text{merk slegs volgens een reel} \end{aligned}$$

OF

$$39 000 - 560 000 \text{ (of } 496 640\text{)} + 168 000 + 126 000 + 219 000 = \\ R86 000 \text{ of } R22 640$$

OF

Verdelingsrekening	
168 000	560 000
126 000	(of 496 640)
345 000	219 000
345 000	39 000
86 000 (of 22 640)	

7

4.2.3 MASTER BEPERK – BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2012

BATES			
Nie-bedryfsbates	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	2 237 310
Vaste/Tasbare bates	sien 4.2.1	<input checked="" type="checkbox"/>	2 132 310
✓ <u>Vaste deposito's</u> : Sahara Bank (203 000 – 98 000)	5	<input checked="" type="checkbox"/>	✓✓ 105 000
			Geen deelpunte
Bedryfsbates	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	358 090
Voorrade (118 000 ✓ + 4 000 ✓)	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	122 000
✓ Handels- en ander ontvangbare bedrae/ debiteure 7 000 (2 punte) (68 000 ✓ – 1 450 ✓ + 175 000 ✓ – 168 000 ✓)	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	73 550
✓ Kontant en kontantekwvalente (98 000 ✓ + 61 340 ✓ + 3 200 ✓)	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	162 540
TOTALE BATES	bewerking	16	<input checked="" type="checkbox"/> 2 595 400
EKWITEIT EN LASTE			
Gewone aandeelhouersekwickiteit	bewerking een deel korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	1 911 000
Gewone aandelekapitaal		<input checked="" type="checkbox"/>	1 825 000
Behoue inkomste	sien 4.2.2	3	<input checked="" type="checkbox"/> 86 000 of 22 640
Nie-bedryfslaste			316 800
✓ <u>Verbandlening</u> van Khaya Bank ((306 240 ✓ + 63 360 ✓ – 52 800 ✓))	bewerking een deel korrek	5	<input checked="" type="checkbox"/> 316 800
Bedryfslaste	bewerking een deel korrek		<input checked="" type="checkbox"/> 367 600
✓ Handels- en ander betaalbare bedrae / krediteure (77 500 ✓ + 18 300 ✓ + 219 000 ✓)			<input checked="" type="checkbox"/> *314 800
kan apart getoon wees vir 1 punt bewerking een deel korrek aanvaar R175 000 onder H&BB indien nie onder H&OB getoon nie			
✓ Korttermyngedeelte van <u>lening</u>	sien NBL hierbo		<input checked="" type="checkbox"/> *52 800
*Kan gekombineerd wees vir 2 metode punte as deel van 367 600			
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	bewerking	9	<input checked="" type="checkbox"/> 2 595 400

38

TOTALE PUNTE	
	70

VRAAG 5**5.1 Skryf die ontbrekende woord in elke gevval neer.**

5.1.1	Solvent	✓✓
5.1.2	Risiko/hefboomverhouding	✓✓
5.1.3	Winsgewend	✓✓
5.1.4	Opbrengs	✓✓
5.1.5	Likied	✓✓

10

5.2.1 Bereken die vuurproefverhouding.

80 000 (2 punte)
 $190\ 000 \checkmark - 110\ 000 \checkmark : 120\ 000 \checkmark$

= 0,7 : 1 bewerking indien een deel korrek is

4

5.2.2 Bereken die verdienste per aandeel (in sent).

$\frac{330\ 000 \checkmark}{180\ 000 \checkmark \checkmark} \times \frac{100}{1}$

= 183,3 sent bewerking indien een deel korrek is

4

5.2.3 Bereken die netto batewaarde per aandeel (in sent).

$\frac{1\ 445\ 000 \checkmark}{180\ 000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$ sien 5.2.2

= 802,8 sent bewerking indien een deel korrek is

3

5.2.4 Bereken die persentasie opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit.

$$\begin{array}{r} 330\,000 \checkmark \\ \hline \frac{1}{2}\checkmark (1\,445\,000 \checkmark + 1\,133\,000 \checkmark) \\ \hline 2\,578\,000 \text{ (2 punte)} \end{array} \quad \times \quad \begin{array}{r} 100 \\ \hline 1 \end{array}$$

$$= \frac{330\,000}{1\,289\,000} \times \frac{100}{1}$$

$$= 25,6\% \checkmark \quad \text{bewerking indien een deel korrek is}$$

5

5.2.5 Bereken die syfers wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn vir:

Terugbetaling van lenings

$$630\,000 - 500\,000 = 130\,000 \checkmark \checkmark \quad \text{geen deelpunte}$$

$$- 630\,000 + 500\,000 = -130\,000$$

2

Opbrengs uit die uitreik van gewone aandele

$$160\,000 \checkmark + 56\,000 \checkmark = 216\,000 \checkmark \checkmark \quad \text{bewerking indien een deel korrek is}$$

$$\text{OF } 1\,088\,000 - 872\,000 = 216\,000$$

$$\text{OF } 1\,445\,000 - 1\,133\,000 - 357\,000 + 261\,000 = 216\,000$$

312 000 (1 punt) - 96 000 (1 punt)

4

Vaste bates aangekoop (let wel dat vaste bates met 'n boekwaarde van R105 000 teen drawaarde verkoop was).

$$1\,667\,000 \checkmark + 40\,000 \checkmark + 105\,000 \checkmark - 1\,620\,000 \checkmark = 192\,000 \checkmark$$

bewerking indien een deel korrek is

OF – gebruik slegs een reël

$$1\,620\,000 - 40\,000 - 105\,000 - 1\,667\,000 = -192\,000$$

OF

Begin 1 620 000

Koop **192 000**

Verkoop (105 000)

Waardever (40 000)

Einde 1 667 000

OF

1 620 000 192 000	105 000 40 000 1 667 000
-----------------------------	--------------------------------

5

5.3.1 James is van mening dat Pomi Bpk. sy bedryfskapitaal meer effektief hanteer en in 'n beter likiditeitsposisie as Kwela Bpk. is. Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers aan om sy mening te staaf.

Finansiële aanwyser	✓	✓	✓
Aanhaal van syfers	✓	✓	✓
Verduideliking	✓	✓	✓

('n Gekombineerde verduideliking kan gegee word: syfers moet verskaf word maar nie noodwendig vir albei maatskappye nie. Kandidate kan nie vol punte kry as addisionele aanwysers gebruik word nie)

Indien kandidate addisionele irrelevante aanwysers verskaf, soek vir die korrektes in die antwoord voorsien deur die kandidaat en ken punte toe. Vir die wie meer as drie opsies voorsien, straf van -1 vir elke irrelevante aanwysers; maks -2.

- Bedryfsverhouding van Pomi Bpk. is 1,5 : 1 en van Kwela Bpk. is 6:1 (Kwela Bpk. se verhouding is 4 keer groter) Pomi het genoeg bedryfsbates om sy bedryfslaste te dek maar Kwela Bpk. hou te veel van sy fondse in die vorm van bedryfsbates wat nie in 'n opbrengs vir die besigheid mag uitwerk nie.
- Vuurproefverhouding van Pomi Bpk. is 0,9 : 1 en van Kwela Bpk. is 2,8 : 1 (Kwela Bpk. se verhouding is 3 keer groter). Al kan Pomi nie al sy handelsvoorraad verkoop nie, behoort hy nogtans sy korttermynskuld te kan dek. Kwela Bpk. hou te veel van sy bedryfsbates in die vorm van handelsvoorraad (ophoping van voorraad).
- Periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhanden vir Pomi Bpk. is 88 dae en vir Kwela Bpk. is 150 dae (byna 6 maande). Pomi Bpk. het genoeg voorraad vir 3 maande wat vir 'n maatskappy wat hardloopskoene verkoop, gepas is, aangesien style van skoene normaalweg seisoenaal verander. Kwela Bpk. hou voorraad vir te lank aan, style sal verander en klante sal nie geïnteresseerd wees om verouderde style te koop nie wat tot verouderde voorraad sal lei.
- Debiteure-invorderingsperiode van Pomi Bpk. is 25 dae wat binne die normale/aanvaarbare kredietterme is en is laer as die 53 dae van Kwela Bpk.

9

5.3.2 Watter maatskappy maak meer gebruik van lenings? Haal 'n finansiële aanwyser aan vir elke maatskappy.

Pomi Bpk. ✓
Skuld-ekwiteitsverhouding 2 : 1 vir Pomi ✓ en 0,3 : 1 vir Kwela ✓

Verduidelik of dit 'n goeie idee was of nie vir daardie maatskappy om van lenings gebruik te maak. Haal EEN finansiële aanwyser aan.

Nee ✓
Opbrengs op Kapitaal Aangewend vir Pomi is 13,6 % ✓ wat beteken dat die opbrengs wat hy verdien laer is as die rente wat hy op die lening betaal, (negatiewe hefboom) ✓

6

5.3.3 Kwela Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividend as Pomi Bpk. Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers vir elke maatskappy aan.

Syfers vir Pomi Bpk.	✓	✓	✓
Syfers vir Kwela Bpk.	✓	✓	✓
Verduideliking	✓	✓	✓

Kandidate kan nie vol punte kry as addisionele aanwysers gebruik word nie.

Indien kandidate addisionele irrelevante aanwysers verskaf, soek vir die korrektes in die antwoord voorsien deur die kandidaat en ken punte toe. Vir die wie meer as drie opsies voorsien, straf van -1 vir elke irrelevante aanwysers (maks -2).

Verwagte antwoorde vir 3 punte:

- % OOAHE vir Kwela Bpk. is baie hoër (21,3%) as die van Pomi Bpk. (11,2%). Die aandeelhouers van Kwela Bpk. verdien 'n hoër opbrengs as wat hulle op ander soortgelyke beleggings sou verdien het maar die aandeelhouers van Pomi Bpk. kan moontlik 'n hoë rentekoers op ander soortgelyke beleggings verdien.
- VPA vir Kwela Bpk. is 410 sent waar Pomi Bpk. slegs 176 sent per aandeel verdien.
- DPA vir Kwela Bpk. is 240 sent waar dit vir Pomi slegs 185 sent per aandeel is.

Kandidate kan ook hulle kommentaar oor VPA en DPA soos volg kombineer vir 6 punte: Kwela Bpk. behou inkomste (VPA 410 sent, DPA 240 sent) waar Pomi Bpk. geen inkomste behou nie (VPA 176 sent, DPS 185 sent)

Kandidate kan ook kommentaar lewer oor VPA soos volg vir 3 punte: Kwela Bpk. se VPA van 410 sent vergelyk goed met die NBW van die aandeel van 609 sent; Pomi Bpk. se VPA van 176 sent vergelyk ongunstig met die NBW van 939 sent

Kandidate kan ook kommentaar lewer oor DPA soos volg vir 3 punte: Kwela Bpk. se DPA van 240 sent vergelyk goed met die NBW van die aandeel van 609 sent; Pomi Bpk. se DPA van 185 sent vergelyk ongunstig met die NBW van 939 sent

9

5.3.4 Verduidelik waarom die bestaande aandeelhouers van Kwela Bpk. gelukkig met die huidige markwaarde van hulle aandele is. Haal 'n finansiële aanwyser/syfers aan om jou antwoord te staaf.

Vergelyk markprys en NBW van Kwela Bpk. ✓ Syfers ✓

Markprys van Kwela Bpk. is 750 sent wat hoër as die NBW van 609 sent is OF markprys is 141 sent hoër as die NBW. Kwela Bpk. kan dus 'n hoër prys haal as die waarde van die aandele in die boeke van die maatskappy.

Verduidelik waarom die bestaande aandeelhouers van Pomi Bpk. baie teleurgesteld met die huidige markwaarde van hulle aandele is. Haal 'n finansiële aanwyser/syfers aan om jou antwoord te staaf.

Vergelyk markprys en NBW van Pomi Bpk. ✓ Syfers ✓

Markprys van Pomi Bpk. is 885 sent wat laer as die NBW van 939 sent is OF markprys is 54 sent laer as die NBW.

4

5.4 Hoe sal hierdie auditverslae James se besluit oor in watter maatskappy hy aandele moet koop, beïnvloed?

Verduideliking oor die auditverslag van Kwela Bpk. ✓✓

Goed = 2 punte; gemiddeld = 1 punt; foutief = 0 punte

Verwagte antwoorde vir 2 punte:

- James sal weet dat hy op die syfers in die finansiële state kan staatmaak want die maatskappy het 'n ongekwalifiseerde auditverslag ontvang
- James sal weet dat hy op die syfers in die finansiële state kan staatmaak aangesien dit 'n redelike weergawe in alle wesenlike aspekte toon
- Die verslag is ongekwalifiseerd – dit is 'n goeie (d.i. betroubare) verslag

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Die finansiële state is 'n redelike weergawe van die finansiële posisie
- Die verslag is ongekwalifiseerd
- Hy sal op die syfers kan staatmaak
- Dit sal moontlik 'n positiewe invloed op sy besluit hê
- Hy sal gemaklik met sy besluit wees.

Verduideliking oor die auditverslag van Pomi Bpk. ✓✓✓

Goed = 3 punte; gemiddeld = 2 punte; swak = 1 punt; foutief = 0 punte

Verwagte antwoorde vir 3 punte:

- James sal weet dat hy nie op die die syfers in die finansiële state kan staatmaak nie, want die maatskappy het 'n gekwalifiseerde auditverslag ontvang
- James sal weet dat hy nie op die syfers in die finansiële state kan staatmaak nie aangesien daar aandag op tekortkominge in die finansiële state gevestig is
- James sal ongelukkig wees dat die vaste bates volgens die ouditeure oorgewaardeer is (wat beteken dat die werklike waarde van sy moontlike belegging soos deur die netto batewaarde getoon, nie seker is nie).

Verwagte antwoorde vir 2 punte:

- Die verslag is gekwalifiseerd – dit is 'n ongunstige (d.i. onbetroubare) verslag

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Die finansiële state is nie in alle opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie nie
- Die verslag is gekwalifiseerd
- Hy sal nie op die syfers kan staatmaak nie
- Dit sal moontlik 'n negatiewe invloed op sy besluit hê
- Hy sal nie gemaklik met sy besluit wees nie.

5

TOTALE PUNTE
70

HOU HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 6**6.1**

Verduidelik waarom dit belangrik is dat Jim 'n Geprojekteerde Inkomstestaat voorberei.

Geldige verduideliking ✓✓

Goed = 2 punte; bevredigend = 1 punt; foutief = 0 punte

Verwagte antwoord vir 2 punte:

- Om die wins of verlies wat die besigheid kan verwag om te maak te toon
- Dit stel hom in staat om behoorlik te beplan en enige moontlike probleme wat mag ontstaan te antisipeer
- Sodat hy werklike en begrote syfers met mekaar kan vergelyk om sodoende regstellende stappe te neem.

Verwagte antwoord vir 1 punt:

- Om te kyk of die besigheid 'n wins of verlies maak
- Om die geprojekteerde inkomste en uitgawes te toon.

2

6.2

Bereken die persentasie styging in verkope wat hy in Desember verwag.

$$118\ 000 / 590\ 000 = 20\% \quad \text{geen deelpunte}$$

Verduidelik waarom hy vir hierdie styging begroot het.

Verduideliking ✓✓

Verwagte antwoord vir 2 punte:

- Desember behoort 'n besiger tydperk te wees as gevolg van feesseisoen (Kersfees) of die somervakansie
- Daar is meer advertensies gedurende Desember geplaas as in die ander maande.
- Dit is 'n winkel wat op vakansie aktiwiteite fokus (so hulle behoort in hierdie tye besig te wees)

4

6.3

Bereken die winsopslagpersentasie wat hy werklik in Oktober bereik het.

$$\frac{220\ 500}{490\ 000} \times \frac{100}{1} = 45\% \quad \text{bewerking een deel korrek}$$

Verduidelik of dit 'n goeie idee was om die winsopslag-persentasie van die oorspronklike teiken te verander, of nie.

Ja / Nee ✓ Verduideliking ✓✓ deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

Verduideliking vir nee:

Alhoewel die werklike verkope meer is as die begrote syfer, het dit nie tot 'n hoër bruto wins tot gelei nie.

Verduideliking vir ja:

- Verkope het noemenswaardig toegeneem. Alhoewel die bruto wins blykbaar dieselfde gebly het, het die besigheid nou meer klante (klandisiewarde) wat hulle in die toekoms sal baat.
- As hulle nie hulle winsopslag van 60% na 45% verminder het nie, sal hulle nie mededingend bly nie en hulle verkope sal afneem en gevolglik sal hulle netto wins ook afneem.

6

6.4

Bereken die volgende bedrae in die Geprojekteerde Inkomstestaat:

	Bewerkings:	Antwoord:
Huurinkomste vir November 2012	$5\ 200 \checkmark \times \underline{105}$ 100 ✓ (een punt) R260 (een punt) $5\ 200 + (5\% \times 52\ 000)$	R5 460 <input checked="" type="checkbox"/> bewerking een deel korrek
Advertensies vir Desember 2012	$880 \checkmark \times 8 \checkmark$ 4 400 (een punt) $4\ 000 + 400 + 2\ 640$	R7 040 <input checked="" type="checkbox"/> bewerking een deel korrek
Rente-uitgawe vir November 2012	$15\% \checkmark \times 950\ 000 \checkmark / 12 \checkmark$	R11 875 <input checked="" type="checkbox"/> bewerking een deel korrek

10

6.5

Verwys na die werklike en begrote bedrae vir Oktober 2012. Identifiseer die DRIE oorhoofse uitgawes wat swak deur Jim beheer is. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.

Identifiseer van DRIE items: ✓ ✓ ✓

Identifiseer van syfers: ✓ ✓ ✓

Enige drie items:

- Onderhoud van eiendom is R3 000 oor begroting (R7 000/R4 000)
- Water en elektrisiteit is R4 400 oor begroting (R5 600/R1 200)
- Handelsvoorraadtekort is R4 300 oor begroting (R12 300/R8 000)

6

Watter advies sal jy vir Jim gee om sy interne beheer oor oorhoofse uitgawes te verbeter? Verduidelik.

Advies: ✓✓ **deelpunte vir gedeeltelike antwoorde**

Verwagte antwoorde vir 2 punte:

- Jim moet die redes vir oorbesteding ondersoek (bv. die gebrek aan versorging van die eiendom, waterlekkasies, swak beheer oor handelsvoorraad)
- Hy moet regstellende stappe neem vir die items wat oor die begrote bedrag is
- Hy moet in die toekoms meer realisties begroot.

2

6.6

Jim is van mening dat hy finansieel kan baat vind indien hy Samuel se aanbod aanvaar. Noem DRIE punte wat 'n positiewe invloed op sy Geprojekteerde Inkomstestaat vir Januarie 2013 kan hê indien hy die aanbod aanvaar. Gee syfers of inligting uit die vraag om jou antwoord te staaf.

Drie afsonderlike punte ✓ ✓ ✓

Syfers ✓ ✓ ✓

Verwagte antwoorde vir 2 punte elk:

- Hy sal spaar op die rente op lening – R10 625 of R11 250 of R11 875 / Hy sal geen rente op lening betaal nie (d.i. 0)
- Hy sal rente op vaste deposito verdien – 6% van R650 000 (R3 250)
- Hy sal op die onderhoudskoste bespaar – R4 000 of R7 000 / Hy sal geen onderhoudskoste betaal nie (d.i. 0)
- Hy sal op die eiendomsbelasting bespaar – R1 000 / Hy sal geen eiendomsbelasting betaal nie (d.i. 0)
- Die huur uitgawe is R125 minder as die rente op die lening (R10 625 – R10 500)
- Hy sal 'n wins op verkoop van die eiendom van R300 000 in die inkomstestaat toon

6

6.7

Jim is ook bewus van die feit dat daar negatiewe punte is indien hy die aanbod sou aanvaar. Noem TWEE punte wat Jim in aanmerking moet neem voordat hy die besluit neem om die eiendom te verkoop. Verduidelik.

Twee geldige punte: ✓✓ ✓✓ syfers in hierdie geval nie nodig nie

Verwagte antwoorde vir 2 punte:

- Hy sal 'n bate wat in waarde toeneem in die toekoms, verloor.
- Die waarde van die grond en geboue kan in die toekoms met meer as die huur wat hy betaal toeneem (R126 000 per jaar).
- Hy sal die huurinkomste verloor (R5 460 per maand).
- Hy sal huur moet betaal (R10 500 per maand).
- Die huur sal jaarliks toeneem
- Dit kan toekomstige ontwikkeling van die besigheid beperk (as hy nie die vaste bate besit nie)
- Hy sal nie kollateraal (waarborge) in die vorm van eiendom hê nie.

4

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 300